**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* — *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXVI — VRYDAG, 29 OKTOBER 1971 — Nr. 15

**[illegible] CHET APTEEK**
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# EKSAMENSPOOK TEISTER KAMPUS

## Akademie kry oorhand

(Deur Johan du Pisani)

**Met die verskyning van hierdie „Wapad" is die eksamen reeds in volle swang. In 'n onderhoud met mnr. Steenkamp van die eksamen-afdeling, het 'n hele aantal interessante feite aan die lig gekom.**

Daar het 3400 studente ingeskryf vir die voorgraadse en diploma-eksamens wat in Oktober en November vanjaar afgeneem word. Die eksamen begin amptelik op 25 Oktober en eindig op 26 November. Ongeveer 300 studente sal in Januarie 1972 nagraadse eksamens aflê.

### NIE TOELATING.

Uit al die ingeskrewe studente is daar 325 nie-toelatings tot eksamen, wat soos volg tussen die fakulteite verdeel is:

| | |
|---|---|
| Lettere en Wysbegeerte | 102. |
| Ekonomiese wetenskappe | 99 |
| Natuurwetenskappe | 76 |
| Opvoedkunde | 31 |
| Regte | 17 |

### BEVORDERINGS

Die ligter sy van die akademiese lewe naamlik die bevorderings lewer 268 op wat soos volg verdeel is:

| | |
|---|---|
| Ekonomiese wetenskappe | 168. |
| Lettere en Wysbegeerte | 82. |
| Natuurwetenskappe | 11. |
| Opvoedkunde | 5. |
| Regte | 2. |

Hierdie berig is egter geskryf voordat die Regsfakulteit se mondelinge afgehandel was en die jaarsyfers was dus nog nie beskikbaar nie. Volgens mnr. Steenkamp is vanjaar se jaarpunte maar min of meer dieselfde as vorige jare.

### DAMES SLIMMER

Statistiek van 1970 se eindeksamen toon dat persentasiegewys die dames beter as die mans vaar. Die slaagsyfer van die mans was 83,2% teenoor die 89,4% van die dames. Dit toon dan 'n sakpersentasie van 16,2% by die mans teenoor 10,6% van die dames. Wat die persentasie onderskeidings behaal betref is die mans egter kort op die dames se hakke met 6,1% teenoor 6,3%.

Die fakulteit lettere en Wysbegeerte het die meeste studente ingeskryf naamlik 1649. Ongeveer 650 studente sal vanjaar kursus voltooi. In 1970 is daar 1642 hereksamens toegestaan en die syfer behoort vanjaar weer in die omtrek van 1600 te wees.

### UITSLAE

Die eksamenuitslae sal vanjaar deur 'n rekenoutomaat verwerk word en die uitslae sal die vakke met die simbole behaal toon.

Daar sal ook aangedui word in watter vakke 'n hereksamen toegestaan is.

## Die groot swot



Die groot sweet van die swottery is in volle swang. Die foto hierbo is 'n duidelike illustrasie daarvan.

*Foto: Burgert van der Westhuizen.*

## NUWE REDAKTEUR AANGEWYS

Mnr. Lourens du Plessis is aangewys as nuwe redakteur van *Die Wapad*. Hy volg mnr. Faan Coetzee op.

Die volgende persone sal as redakteurs en redaktrises dien:

Mnr. Gerrit Pienaar — Algemene Nuusredakteur.

Mej. Amanda Hamilton-Atwell — Sub-Redaktrise.

Mej. Nicolette van der Walt — Sosiaal.

Mnr. Johan du Pisani — Akademies.

Mej. Jessica Knoetze — Kuns.

Mnr. Gert van Jaarsveld — Sport.

'n Volledige naamlys van die hele redaksie sal mettertyd in *Die Wapad* verskyn.

**STELLENBOSCH VERDUIDELIK**

# S.R.-KONFERENSIE WEER ONDER DIE SOEKLIG

(Deur Quintus Pelser)

**Die Studenterad van die Universiteit van Stellenbosch het 'n verklaring uitgereik oor die Studenteraadskonferensie wat gedurende Julie 1971 op die kampus van die Witwatersrandse Universiteit gehou is. Die doel van die verklaring is om alle wanopvattings in die verband uit die weg te ruim.**

Luidens die verklaring net hierdie konferensie sy oorsprong gehad op 'n informele vergadering wat aan die einde van 1970 tussen die S.R.-voorsitters van U.S. en die Engelstalige universiteite gehou is. Daar is toe besluit dat die gasheer-universiteit sou nooi wie hy wil. Wits het eerste gereageer en op geen stadium het NUSAS enige rol gespeel in die onderhandelinge nie.

### VETOREG

In die brief meld Stellenbosch dat: Geen politieke onderwerpe bespreek is nie, elke afvaardiging vetoreg t.o.v. mosies gehad het en dat daar geen verpligte sosiale vermenging was nie. Aldrie b.g. aangeleenthede was die gevolg van 'n versoek van Stellenbosch. Stellenbosch het ook sy vetoreg t.o.v. 'n mosie oor 'n ontwikkelingsprojek in 'n tuisland gebruik, omdat hy nie oortuig was van die opregte bedoelings van die ander deelnemers nie. Die enigste amptelike funksie was 'n verwelkomingsgeselligheid wat deur die rektor van Wits aangebied is.

Volgens Stellenbosch kan die gees van die konferensie afgelei word uit die feit dat dit deur die *Rand Daily Mail*, wat gretiglik enige teken van veelrassigheid, kritiek op die regering of oorwinning vir NUSAS sou aangryp, geignoreer het, terwyl *Die Transvaler* volledige dekking verskaf het.

### DEURBRAAK

Ten slotte is Stellenbosch oortuig dat dit 'n deurbraak is in Afrikaans/Engels verhoudinge op hierdie vlak, veral omdat NU SAS afwesig was en gemeenskaplike belange nugter bespreek is.

### P.U. VIR C.H.O.

In antwoord op die skrywe van Stellenbosch spreek die S.R. voorsitter van die P.U. vir C.H.O., mnr. Kobus van der Walt, sy dank teenoor Stellenbosch uit vir die eerlike manier van optrede. Hy meld egter dat hy „'n meer gefundeerde motivering" vir bywoning van die konferensie in die verklaring mis. Daarna motiveer hy sy Studenteraad se nie-bywoning van die konferensie.

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK



Koel by die see. Sjoebroekie: R5.99, Bloesie: R4,99, Groottes: 34-38. Verkrygbaar by Uniewinkels, Kerkstraat, Potchefstroom. Foto: Burgert van der Westhuizen.

# VIR DIE DAMES

BEHARTIG DEUR JESSICA KNOETZE

## KARNAVALDEBUTANTE WORD GESOEK

**Dames, u word uitgenooi om deel e neem aan ons groot prestige kompetisie! Die Karnavalkomitee loof 'n prys uit aan die koshuis wat die meeste debutante oplewer. Dus, ruk in jul massas op, sodat u koshuis nie in die steek gelaat word nie.**

**Prosedure:**

A.1. Doen aansoek deur u naam by die Karnavalkomitee op te gee.

2. U ontvang dan 'n Debutantekollektelys voor u weggaan met vakansie. Dit is dus 'n geleentheid om oor die lang Desember vakansie voorsprong op te bou vir die Groot Prys.

3. So gou as moontlik na aanvang van die 1972-akademiese jaar, word al die lyste teruggetrek en gelde inbetaal.

4. 'n Minimum bedrag van R50,75 dien as kwalifikeerende bedrag om toe te tree tot die finale rondte ten einde in aanmerking te kom vir pryse,

5. Alle dames wat meer as genoemde bedrag insamel, kwalifiseer dus as debutante en ontvang 'n tweede lys.

B.1. Die dames kry nou weer geleentheid om te kollekteer tot en met Karnaval '72.

2. Net voor Karnavaal word alle lyste ingetrek en die geld moet inbetaal word.

**KLIMAKS.**

Die plig van so 'n debutant is dus nou afgehandel. Direk na die Karnaval word die vier finaliste aangewys, asook die wenner, op 'n spesiale, prestige, debutante dinee. Die hele debutantestelsel bereik dus hier sy klimaks.

Vir u eie beswil wil die Karnavalkomitee u versoek om alle ingesamelde bedrae streng geheim te hou, sodat u mededebutante nie ophou kollekteer as gevolg van 'n bedrag hoër as haar eie nie. Slegs die Karnavalvoorsitter Nico Ligthelm en die debutante konvenor, Frans Scheepers en self moet weet hoeveel u ingesamel het.

**PRYSE.**

1. Die wenner en die een wat tweede kom, verower ons eerste prys wat 'n oorsese toer na Europa saam met die A.S.B. aan die einde van 1972, behels.

2. 'n Tweede prys word toegeken aan die daaropvolgende twee dames. 'n Moontlike toer per vliegtuig na Kaapstad, per boot na Durban en per vliegtuig terug na Jan Smuts, word beoog.

3. Daar is 'n aantal troospryse wat onder andere sal bestaan uit: Radio, platespeler, rokke van u bekende modewinkel, ens.

Hiermee roep Nico Ligthelm en sy komitee u op om absoluut u beste te lewer en daartoe by te dra dat Karnaval '72, die grootste ooit sal wees!

## SOEK-'N-NAAM

**Dames, u hulp word dringend benodig! Eindelik het ons 'n eie Damesblad gekry maar daar is een groot probleem: 'n naam ontbreek.**

Graag nooi ek u om deel te neem aan ons Soek-'n-Naam-wedstryd. Daar is 'n prys van R5,00 aan verbonde en die sluitingsdatum is op 10 November 1971. Plaas u poging in die Wapad bussie (nr. 10) by die S.R.-kantoor.

Skryf gerus so 'n lekker geselsbriefie, stuur modewenke, artikels, foto's en enigiets wat jul op die hart het, in. Dit is jul eie blad en ons wil graag iets nuuswaardigs plaas; oor dames, van dames ens. Opskud, laat ons gou 'n naam soek en dankie vir jul samewerking.

Jessica Knoetze.

# BASBROEKIES VIR DIE VAKANSIETYD

(Deur Cronje Lemmer)

**Vir wat die kledingstuk is, is daar al baie name voor gegee. Sommiges vertaal die Engelse „Hot Pants" met „basbroekies", „sjoe-broekies", of „hitsbroekies"**

Dit is dan in wese wat die kledingstuk is. Dit is 'n styfpassende weergawe van die bekende „short" van 'n klompie jare gelede.

Die basbroekie word egter nie net vir wat dit is alleen gedra nie; dit kan verskeie variasies aanneem. Dit kan net 'n broekie weergawe wees, 'n kleuter-speelpakkie — d.w.s. broek plus borsstuk met kruisbande — of 'n broekie in kombinasie met 'n rok of 'n romp. Dit kan kort, midi of lank wees.

**KANDIDATE**

Met dat ons weet hoe dit gedra kan word, kan verder gelet word op waar en wanneer dit gedra kan word — en deur wie.

Myns insiens is dit die belangrikste — wie dit kan dra; dus oorweeg ons moontlike kandidate vir die basbroekie.

Soos met enige „uithang" modegier moet die enkele bevorregte draers die persoonlikheid daarvoor hê. Indien die kandidaat ongemaklik en selfbewus daarin gaan wees gaan sy — tot groot vermaak — so opmerklik wees dat mense om haar ontwil sal wegdraai.

Behalwe vir die persoonlikheid moet die draer ook die figuur daarvoor hê. Indien sy skaam is om 'n baaikostuum te verskyn, bly liewers uit 'n basbroekie — hy sal nie veel meer toemaak nie!

Goed. Ons kandidaat het die persoonlikheid en die figuur. Al wat kortkom is die basbroekie en die geleentheid.

Soos met alle modeneigings kry jy die sensasie-weergawe en die mode-weergawe. E.g. is wat die neiging is en gaan om die „kick" van die saak. Lg. getuig van goeie snit, materiaal en afwerking.

**GELEENTHEDE.**

Ons kandidaat is reg gekleed: sy dra die mooi basbroekie met persoonlikheid. Die omgewing: die strand of 'n informele uitstappie. Ons kandidaat kry waarderende aandag en bewondering. Sy is seker van haarself en op haar gemak.

. . . 'n Kandidaat is geklee in 'n basbroekie met 'n weggesnyde midi-romp bo-oor. Die geleentheid: 'n troue. Sy kry kykke en „bewondering" — sy is ongemaklik en wens sy het nie haar bas hierin gewaag nie.

Om haar bas te red, sal sal dikwellige aanstellerigheid en 'n „ek-is-reg"-houding niks help nie. Dit is growwe onbeskoftheid om 'n geleentheid te wil aanpas by 'n modenuk.

**DIE TOETS**

Soos in goeie smaak is die te ver voor van 'n gedagte nie meer aanvaarbaar nie. So ook met die uitbuiting van 'n basbroekie.

Met goeie smaak gedoen goed gedra en na die regte geleentheid kan basbroekies heeltemal pas.

Toets dus daardie basbroekuitrusting aan goeie smaak en as jy vind daar bly net aanvaarbare nate oor, doen weg daarmee en bespaar jouself die bespotting.



*Foto; Fotokuns.*

## S.R. se regterhand

Elza de Wet is gebore op 7 November 1940 in Pretoria. Sy matrikuleer aan die Vereniginse Hoërskool. Daarna is sy werksaam as privaatsekretaresse in Vereniging vir tien jaar. Aan die begin van 1970 kom sy en haar man na Potchefstroom. Sy is in 1968 getroud en verwerf in dieselfde jaar haar Spsingbokkleure in Korfbal. Haar man, Nic de Wet, is tans besig met sy finale jaar Farmasie. Hy was ook die Puk-korfbalspan se afrigter.

In 'n onderhoud met Elza noem sy dat sy die afgelope twee jaar baie lekker as tikster van die Studenteraad gewerk. „Dit is 'n stukkie van my lewe wat ek seker nooit sal vergeet nie, ek wens net ek het vroeër hierheen gekom."

Of die werk enige voordele inhou? „Natuurlik, ek kon altyd my hondjie, Bollie de Wet, saam kantoor toe bring!"

## IETS TE ETE

1 klein Rolkoek (Swissroll).
Kersies.
Enige neute.
Ingelegde vrugte (na keuse).
1 pakkie kitspoeding (vanilje geur).

**Metode:**

Maak kitspoeding aan met poeiermelk, verdun 'n gedeelte daarvan. Sny rolkoek in snye en doop in verdunde poeding. Plaas dan respektiewelik 'n stukkie rolkoek, neute, gekerdfe kersies en ingelegde vrugte in beker. Gooi res van poeding bo-oor. (Roomys kan ook bo op gesit word.)

Annemarie Visser.



# Montium is lewendig

**Met die eerste paar treë het Klub Montium groot hoogtes bereik. Van Salaraskop in die Wolkberge tot patronering by die Studenteraad.**

Oneindig lank en sukkel-sukkel is teen die Wolkberge uitgeworstel. Tussen kliprante en bergvarings is die Magaliesberge aangepak; en heerlik luuks is die matrasse na die wonderlike toer na Blyderiviervallei.


'n Uitstaande gebeurtenis — die manne het skottelgoed gewas! Lustig het tipiese studente vrolikheid tussen rante en klowe gedawer. Die belangrikste taak nl. *klim* is met steun en kreun uitgevoer, maar lekker was dit gewis.

Die skoon vars lug en die ongeskondenheid van die natuur het 'n ongebondenheid van gees en "blitsverlowings" in die hand gewerk.

Die paadjie kronkel allengs steiler na bo — weg van geraas en besoedeling — en hou steeds belofte in om heel bo uit te kom.

Die voorgenome toerprogram tot Julie 1972 is soos volg: Nov.-Des. 1971: Transkeitoer. 23-25 Feb. 1972: Uitstalling op P.U.K. 6-8 Maart 1972: Openingsnaweek vir nuwelinge. April 1972 Blyderivier. 23 April 1972: Kransberge. Julie 1972: Chimanimaniberge — Rhodesië.







Die Puk is trots op sy twee „buitelugorganisasies", Florna (bo) en Montium (links).

# FLORNA GAAN GOLWE TOE

**Florna reël weer eens 'n onvergeetlike vakansie by die see. Die 24e November word die goedjies gepak en vaarwel gesê an die beskawing vir die heerlikste 10 dae ooit. Die kampplek is Sordwanabaai. Daar sal ook 'n besoek aan die Mkuziwildtuin en die Hluhwe wildtuin gebring word. Hierdie besoeke sal die vorm van 'n staptoer, vergesel deur 'n gids, aanneem.**

Verder gaan daar gestem, gesondrand, langs die see gestap, bofbal gespeel en kampvuur gehou word. En gaan daar nie weer suigstokkies verorber word nie!

Die gorep sal bestaan uit 42 lede, waarvan 20 mans, 20 dames en die toerouers.

Die wat nie deur haaie ingesluk of deur slange of bosluise gepik en gebyt is nie, m.a.w. wat heelhuids anderkant uitkom, sal in November in Potchefstroom terug wees.

Ons vertrou dat die toer net so 'n groot sukses sal wees as die een wat gedurende die Aprilvakansie na Mosambiek plaasgevind het.

# HARTLIK GELUK!

Die Wapad wil graag die volgende persone gelukwens met hulle onderskeie verkiesings tot S.R.-Voorsitter (en Voorsitster!) op hulle kampusse en hulle 'n voorspoedige termyn toewens:

R.A.U. — Mnr. Lieb Loots.
U.P. — Mnr. Gert Meyer.
U.S. — Mnr. Buks Hertzog.
U.O.V.S. — Mnr. Gerhard Erasmus.
U.K. — Mnr, Geoff Budlender.
Wits. — Mej. Jennifer Cunningham.
U.N. (Durban) — Mnr. Stan Newman.
U.N. (Pietermaritzburg) — Mnr. Tim Dunne.

# Heimat het eie universiteit

Die Heimatters is baie trots op hulle eie universiteit en die groot akademiese geeste wat hy opgelewer het. 'n Naamlys van die veelgeroemde akademiese personeel verskyn in die ontvangslokaal van die universiteit.

'n Kommissie van ondersoek wat deur die Raad van die universiteit benoem is, het interessante gegewens vrygestel:

- Sleepaksies aan die universiteit stimuleer studie en kan dus nie oordryf word nie.
- Die gevolg hiervan is 'n moontlike 100% slaagsyfer vir 1971.
- Mobiele sleepeenhede, ten spyte van die herstelwerk wat dit soms vereis, is onontbeerlik.

Op 'n onlangse gradeplegtigheid is die Ere-presidentstoekenning van die universiteit aan prof. A. J. E. Sorgdraer toegeken.

Wanneer die manne van Heimat so 'n bietjie ernstiger raak dan is daar een groot vraag op almal se lippe: wanneer gaan oom Heimat ook moet waai? Die manne voel dat, in die lig van die tradisie van hierdie oudste koshuis op die kampus en vanweë die feit dat hy al soveel groot geeste opgelewer het, dit tog bietjie onnodig sou wees om hom plat te slaan ter wille van 'n parkeerplek.

# DIS ONWAAR!

**„Daar word onder die studente van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. 'n berig versprei dat die U.O.D.-kursus vanaf 1972 twee jaar gaan duur. Hierdie berig is van alle waarheid ontbloot. Net soos in die verlede gaan die U.O.D.-kursus in die toekoms oor een jaar strek". Aldus 'n kennisgewing wat Die Wapad ontvang het.**



**Een van die groot gebeurtenisse op die kampus vanjaar was die oprigting van die duikweg. Vir die mense oorkant die spoor is hierdie 'n bekende gesig.** *Foto: Fotokuns*

PRETORIASE FIRMA VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS EN OUDITEURE HET VAKATURES VIR INGESKREWE OUDITKLERKE. SKAKEL 2-8681 OM 'N ONDERHOUD TE REEL.

„Dollies-maar kom eers saam met my Volkskas toe"



Nie 'n sleg plek nie, Volkskas. As jou sleep daardie nuwe fliek *moet* sien, en jou fondse is skraps, vat haar saam Volkskas toe. Lekker stoele vir haar om op te sit terwyl jy geldsake gesels.

Buitendien, as sy jou tipe veer is, moet sy 'n Volkskas-meisie wees. Miskien kry sy jou jammer. Miskien trek sy ook geld en betaal vir haarself.

**VOLKSKAS**
Beperk
*Waar studente deurkom met geldsake*

die WAPAD

# Ons Potchefstroomers

Daar is een ding wat ons as die lewende lede van ons liggaam — die Puk — nog altyd kon sê sonder om van aanmatiging beskuldig te word: ons dra 'n eie stempel in en rondom ons. Dit is iets wat ons nie kan vasvang nie: sommiges verag ons daarvoor, andere is so effens jaloers terwyl die toegeeflikes praat van 'n volksgewete. Deur dit alles bly ons onsself bewus van hierdie las!lus (skrap wat nie van toepassing is nie).

Met 'n rebelsheid, eie aan ons eiesoortigheid, kan ons onsself verset teen die gesigloosheid van ons tyd: kan ons met vrymoedigheid weier om saam met die populêre stroom „wolf, wolf!" of „Hosanna, Hosanna!" te skree ons besit oor die gawe om te sien! Indien dit 'n korrekte opsomming van die situasie is, kan 'n Wapad-redaksie sy moeilike taak met vrymoedigheid aanpak; kan ons met vrymoedigheid voor eie deur vee.

Ons weet dat niemand ons dit sal verkwalik indien ons vrae sal vra oor **ons eie** studentelewe nie; indien ons telkens verder mag gaan as bloot vermaning (hoe het die arme woord nie al van sy betekenismomentum verloor nie!) en indien ons ons organiese gemeenskap tot op die been toe oopkloof om saam-saam die ongeraffineerde Lig van ons leuse op onsself te kan werp. En as ons eerlik wil wees sal baie van ons „beginsels" op die dissekteertafel geplaas moet word om vas te stel of hulle nog die Skriflig kan verdra.

Sal ons eie Studenteraad, ons eie hoofliggame, ons dit ten laste lê indien ons hulle werk voortdurend ondr die vergrootglas plaas? Sal ons owerheid aanstoot neem indien ons as studente deur middel van 'n eie koerant ons probleme onder hulle aandag bring? Ons, as kinders van die welvaartseeu, het 'n moeilike stryd te stry teen 'n dreigende gesigloosheid en 'n fanatieke vooruitgangsgeloof en tog kan ons oorwin sonder om ons heil te soek daarin dat ons as studente die universiteit wil regeer.

Dit doen egter nie af aan die plig van die studentekoerant om sy sê te sê wanneer hy moet nie. (Of verkies ons 'n onderlangse gebrommery?)

Kortom, ons moet ook binne die eng sfeer van 'n eie koerantwese mekaar begryperd liefhê ter wille van Christus en die lewenskragtige Evangelie wat — so beweer ons leusegewys — al ons doen en late inspireer, sodat ook ons felste kritici kan glo. En die impliseer ook 'n onderlinge, kritiese tug!

Geagte leser, *Die Wapad* is, soos altyd tot u diens.

# PUKKE GEREED VIR DIE EKSAMEN

DEUR RIAAN ODENDAAL

'n Onlangse meningsopname op die kampus voor die eksamen het getoon dat die Pukke oor die algemeen tevrede is met die eksamenrooster (en die eksamen) wat nou vinnig besig is om 'n klimaks te bereik.

### INTERFA-ULTERE WYSBEGEERTE

Die studente wat by die opname betrek was, was verteenwoordigend van feitlik alle kursusse wat op die Puk aangebied word. Almal is die mening toege daan dat I.W. so lank voor die eksamen geskryf moet word want volgens Petro le Roux (B.Comm. I) en Cheryl Malan (B.Sc. Farm. I) is die studiemetode vir I.W. nie dieselfde as die studiemetode vir sommige ander kursusse nie, veral met die oog op hulle besondere studierigtings.

### BLOKTYD TE LANK

Die tydperk waaroor bloktyd strek, het wisselede menings op gelewer. "Die eerstejaar behoort geen bloktyd te hê nie, die tweede jaars een week en die derdejaars twee weke, na gelang van die wer meer belangrik word," aldus Cobus Strydom, 'n student in die Regte.

### U.O.D.

Omdat die U.O.D.'s se rooster eers bepaal word nadat die amptelike rooster opgestel is, lewer dit opeenhoping van sekere vakke. Amanda Els, wat volgende jaar gaan skoolhou, sal graag wil sien dat hierdie probleem uit die weg geruim word. Verder behoort 'n langer bloktyd vir hulle ook beter resultate te lewer.

**studentemening**

### HERSIENING ONNODIG?

Linda Mouton (B.A. II) glo dat die toetsstelsel deur die jaar sy vrugte afwerp en dat hersiening gevolglik nie nodig is nie.

### TOKKELOKKE

Die tokkelokke is ook tevrede met die hersiening wat in die klas gedoen word, maer volgens die mening van Gideon van der Nest (B.A. Admissie III) behoort die bloktyd verhoog te word ten einde die beste resultate te verseker.

"Vir die B.Sc. studente," sê Ricks de Lange (B.Sc. Ind. Chemie III), "moet die eksamenrooster baie meer versprei wees, indien moontlik tot die laaste dag van die eksamen". Hy spreek hom egter sterk uit teen eksamen skrywery in die namiddag.

### EKSAMENROOSTER VROEER

'n Gedagte waaraan die eksamenafdeling gerus aandag kan gee is dat die rooster baie vroeër moet verskyn, soos wat UNISA byvoorbeeld doen. Wilma van den Dool (B.A. III) reken dat studente hulle dan baie beter kan voorberei lank voor die eksamen en presies weet watter vakke in 'n opeenhoping betrokke is. Hierdeur kan vakansiewerk dan ook beter beplan word.

Alles in ag genome, is die PUK-studente reg vir die eksamen en natuurlik nog meer reg vir die lekker lang vakansie daarna.

# ONS STEL BEKEND



Wie van die gereelde bibgangers ken nie die vriendelike man aan wie hulle hul tasse toevertrou nie?

Nathaniel Solomon Mokatsane is gebore en het grootgeword te Schmidtstad in die omgewing van Bothaville. Na verblyf in Kroonstad, waar hy ook matrikuleer, verhuis hy na Potchefstroom.

Hy verwerf sy onderwysersdiploma sowel as sy biblioteekkunde diploma aan die Adams College in Natal. Daarna gee hy onderwys te Potchefstroom totdat hy op 16 Junie 1962 'n betrekking as bode by die Ferdinand Postma biblioteek aanvaar. Dit beteken dat hy al byna tien jaar op die Puk is.

Mnr. Mokatsane is een van nege kinders, vier broers en vyf susters, waarvan 'n ieder en 'n elk onderwyser of onderwyseres is!

Hy is getroud en het vier kinders.

# Uit die Woord

1 *Thess.* 3:8. *Want nou leef ons as julle vasstaan in die Here*

Vir wie was daar nog nie kommer in die lewe nie? Die vraag is wel: Raak dit maar net myself, of gaan dit ten diepste om God se saak?

In ons teksgedeelte vind ons ook kommer bly Paulus. Paulus, die man wat so 'n veelbewoë lewe gelei het. (Lees maar net 2 Kor. 11) is as't ware dwalende van kommer oor die jong gemeente van Thessalonika. Sal hierdie gemeente staande kan bly ten spyte van talle aanslae?

As Timotheus goeie nuus bring oor die gemeente, dan leef Paulus! Dan vergeet hy ten volle die gevaar waarin hyself verkeer. Van die uiterste belang is vir hom dat dit goed gaan met die gemeente van Christus.

Saamverbondenheid en meelewing is die grondslag vir 'n war christelike lewe. Ons as gelowiges moet lewe in die liefde van Christus, want daarin is vir ons Lewe berei.

Is dit waarlik so met ons? Leef ons nie maar soos die ratte van 'n masjien, meganies bymekaar verby nie? Dra ons werklik die belange van ons medestudente op die hart? Streef elkeen nie maar na soveel as moontlik voordeel net vir homself nie?

Daarom moet die gebed van ons hart dan ook wees:

Mag die Here ons oorvloedig maak in ons liefde vir mekaar en vir andere. Want so is onse God. Oorvloedig in Sy liefde vir ons.

J.J.E.




Reflektor het die reputasie dat hy die onverantwoordelikste „openbare figuur" op die kampus mag wees. Nou maar goed — solank hy net 'n student is!

Dit is die een voorreg wat die lesers gegun word: die man met die skerp tong, en die kwinkslae, (met die lompe onbehendigheid?) kan so af enttoe 'n gek van homself maak mits hy dit goed doen — mits hy dit doen met 'n behoorlikheid wat sy genus betaam. En so af en toe, in sy gekkigheid, mag hy dalk mede broeders-meerderes in die verdrukking teëkom. Dit is dan wanneer Reflektor na sy pen mag gryp eer hulle hom na die brandstapel sleep — dis nou te sê as hulle hom per geluk sou ontdek. Goed, hier is ek — vang my!

Ons regsgeleerde vriende het vir my so 'n mooi uitdrukking wat hulle soms gebruik. (Trouens, al hulle uitdrukkings is vir my mooi — solank dit Latyn is — want dit is „in" om so hier en daar jou taal met bietjie geleerdheid te geur: taalsuiwerheid of te not.)

In ieder geval, die manne het iets wat hulle 'n „lucidum intervallum" noem. Dit klink sommer mooi en dit het nog 'n mooier betekenis: 'n heldere oomblik. Seker maar omdat sulke goed deesdae so skaars is dat dit so mooi klink. Daarom hou ek soms daarvan om af te kom op iets wat my aan 'n heldere oomblik herinner. So iets is hierdie nuwe tydskrif wat hulle **Loog** noem.

Laat ek sommer dadelik vir die manne sê, moet nou nie hoop om altyd gewild te wees nie. So 'n lucidum intervallum is soms lastig as hy verblind! Daarom kan die manne dit gerus oorweeg of ons nie dalk in die pers so 'n klein ou debatjie aan die gang kan sit nie: sê nou maar oor so 'n lastige vragie — terwyl ons dan nou by die pers is — soos die opvoedingstaak van die pers self.

Dit laat my sommer ook aan iets dink. Een van my kollegas by een of ander groot naweekkoerant het my gevra dat ek dit asseblief onder die leserspubliek van *Die Wapad* se aandag moet bring: hulle beoog om 'n kaartjies- en plekbesprekingssentrum vir belangstellendes by hofverhore te open. Volgens hom lyk dit of die driehoekstipe moorde (wit liefde natuurlik) die grootste aftrek gaan kry. En o ja, fotos van die helde (in persona) is beskikbaar asook fotostatiese afdrukke van hulle intiemste briewe, persoonlike dokumente, ens.

Enige belangstellendes?

*Reflector.*

BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

BY VOORKEUR

# WYSGEER IS FOUTIEF GERAPORTEER

**Seer geagte Heer,**

**In die uitgawe van u-blad van Vrydag, 10 September 1971, bied u enkele punte uit 'n toespraak wat ek kort gelede voor die Wysgerige Studentevereniging gehou het. Dit spyt my dat ek u daarmee moet lastig val, maar in die laaste paragraaf het deur wat ek voorlopig wil aanvaar deur 'n misdruk ontstaan het, 'n volkome verwringing van wat ek werklik gesê hêt, plaasgevind, waardeur 'n verkeerde indruk van my bedoeling gewerk word.**

Ek het dit naamlik nie gehad oor **ons** Universiteit nie, maar oor die 20e eeuse Universiteit oor die wêreld, waaronder in Suid-Afrika. Ek versoek u hiermee vriendelik om die sak in u eerskomende uitgawe reg te stel. By voorbaat dank daarvoor.

Helderheidshalwe laat ek hier die gedeelte volg soos wat ek dit die betrokke aand gestel het; dit gaan daar oor die taak van ons tyd.

„Dit is die eerste taak. Die tweede is dat ons in so 'n mate drome droom, profetiese vergesigte sien, dat ons vir sover di vir ons moontlik is, sal moet leer om ons onderwerping en beheersing van die aarde, ons kultuuraktiwiteite, in te kapsel in die koms van die Koninkryk van God.

Dit het twee kante. Enersyds dat hierby die Universitit 'n belangrik rol gaan speel, en ons die Universiteit sal moet reformeer om by sy nuwe funksie as „kragsentrale" van die ontwikkelende kennisindustrie op adekwate wyse te vervul. Die studenteproteste van ons dekade — hoe futiel ook by gebrek aan 'n positiewe antwoord — kan ons oë ten minste oop maak vir die feit dat ons met 'n geperfeksioneerde 19e eeuse instelling opgesaal sit, met sy goeie punte, maar ook met sy wesenlike tekort: nie bereken op die nuwe omstandighede van die 20e eeu nie.

Die ander kant is dat ons ook nie verras wees wanneer ons die profestiese gesig van Johannes in Openbaring 18 in vervulling sien gaan nie . . . "

Met dank vir u aandag,
Hoogagtend die uwe,
N. T. v.d. Merwe.

(Ons vertrou dat die aangeleentheid hiermee in die reine gebring is. — Hoofredakteur.)

# PRIMS VIR 1972

**Die huiskomiteeverkiesing het vanjaar interessant verloop, want daar het persone wat vir die eerste keer genomineer is, die primaria of primariusskap verwerf.**

Die Wapad wil langs hierdie weg die verskillende koshuise primarii en se primariae baie hartlik gelukwens.

Die volgende persone is verkies nl.:

Almarine Smith — Heide.

Estelle de Waal — Karlien.

Andrien Hoogenboezem — Oosterhof.

Em du Plessis — Klawerhof.

Jean Macascall — Kulu.

Francois Kruger — Heimat.

Tienie van der Walt — Uitspan.

Piet Taljaart — Kasteel.

Wallie van der Walt — Over de Voor.

Johnie Stonlake — Makouvlei.

Jannie de Kock — Liberalia.

Die prims word alle sukses vir die komende jaar toegewens.

# Gulli Sluit Meesterkonsert Af

Die Italiaanse violis, Franco Gulli, tans op 'n konsertreis deur Suid-Afrika, het Potchefstroom onlangs besoek.

Hierdie begaafde kunstenaar het reeds in talle lande geslaagde uitvoerings gelewer. Sy repertoire sluit meer as 50 concerto's van verskillende komponiste in. Op sy kerfstok tel ook die wen van die meeste internasionale vioolkompetisies. Een van sy grootste prestasies is die verkryging van die Grand Prix du Disque-toekenning vir sy briljante opname van Mendelssohn se Vioolkonsert.

Gulli het op Dinsda aand 26 Oktober 'n uitvoering in die Konservatorium-saal as afsluiting van die jaar se reeks Meesterskonsert gelewer.



**Verskeie van die Pukse sportlui is op die dinee van die Sportinstituut vir hulle harde werk beloon. Op die foto bo verskyn vier van ons puik sportmanne. V.l.n.r. verskyn Jim van Rensburg, Elza de Wêt, Apdries Krogman en Johan Hunter. (Sien ook berig op bladsy 8).**


## BULT DROOGSKOONMAKERS EN WASSERY

**Kom na die nuwe Bult Droogskoonmakers en Wassery.**
**Alles word nou skoongemaak of gewas in 'n spesiale ingevoerde skoonmaakmiddel.**
**Ons het na ons nuwe ultramoderne lokaal te Tomstraat 98 getrek.**

**TOMSTRAAT 98** **TEL. 5574**

**U kan gerus u bande versool by . . .**

## GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

**Groot voorraad**
★ **NUWE en VERSOOLDE bande**
**Versoling nou ook verkrygbaar in die**
★ **GOODYEAR G 800 loopvlak**
★ **Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**
**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**



## 20th Century Teater

Middagvertonings op Maandae, Woensdae, Vrydae en Sater. om 2.15 nm. 8 nm. in die Aande.

★

**Vrydag en Saterdag, 29 en 30:**
**"SAN FRANCISCO"**
Clark Gable, Jeanette MacDonald.

★

**Vrydag 29:**
Spesiale Laat vertoning om 11.15 namiddag
**"THE HOUSE THAT DRIPPED BLOOD"**
Christopher Lee, Peter Cushing.
Geen persone 4 tot 16 jaar nie.

★

**Saterdagoggend:**
**"CARRY ON DOCTOR"**

★

**Maan. en Dinsdag, 1 en 2 Nov.:**
**"MAD WOMAN OF CHALLOT"**
Katherine Hepburn, Yul Brunner.
Geen kinders van 4 tot 12 nie.

★

**Woens. tot Sat., 3 tot 6 Nov.:**
**"THE LOVE BUG"**
Dean Jones en Michelle Lee.



## GOUE WESTE

Maandag tot Donderdag 7.00 nm.
Vrydag en Saterdag 6.45 en 9,00 nm.

**Woens. tot Sat., 27 tot 30 Okt.:**
**Vrydag, 29 Oktober om 9 nm.;**
**Sat. 30 Okt. om 9 nm.:**
**Tweede Vertonings:**
Norman Bengell, James Pilbrook in the top grade western adventure
**"FEDRO WEST"**
In kleur.
Geen persone 4 tot 16 jaar nie.

★

**Maandag en Dinsdag, 1 en 2 Nov.**
**Vry. en Sat., 5 en 6 Nov., 1ste Vertoning om 7 nm alleenlik:**
Op dringende versoek bied ons met plesier aan Alec Guinness, Anthony Quinn Jack Hawkins, Omar Shariff as "Ali" in . . .
**"LAWRENCE OF ARABIA"**
Super Panavision 70. Kleur.

★

**Woens. en Don., 3 en 4 Nov.:**
Christopher Jones en Ralph Richardson in die aksie belaaide spioenasie drama, vol spanning en liefde . . .
**"THE LOOKING GLASS WAR"**
Panavision en Eastman Kleur.
Geen persone 4 tot 16 jaar nie.




„DIE DOKTER SÊ: HY KAN NIE HIERHEEN KOM NIE, MAAR HY SAL ONS HALFPAD ONTMOET- OP DIE HOEK VAN EERSTE LAAN EN TWEEDE STRAAT."


## POTCH INRY

Maandag tot Donderdag 7.00 nm.
Vrydag en Saterdag 6.45 en 9,00 nm.

**Vrydag 29 Oktober om 6.45 nm.**
**Saterdag 30 Oktober om 6.45 nm.**
Eerste vertoning
Michael Parks, Bonnie Bedelia
**THEN CAME BRONSON**
Metrokleur



**GOEIE KOS !**
**FLINKE DIENS !**
**u tevredenheid is ons PLESIER !**

## BAILIEPARK PADKAFEE

**(Langs die Johannesburgpad geleë).**
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
**Tel. 6670**



# OOR DIE ONDERDEUR

Baie geluk aan al die Lente Verloofdes.

Sunette Nel x Fika van Rensburg, Sarie Bubb x Bennie Brummer, Cornelia Jordaan en Justus Roux, Gerrie Robbertse x Koos Cronje, Elize Crause x Tommy Butler, Fina Schoombee x Nico van Aswegen, Wilna du Toit x Thys Lourens, Alwa Fourie x Johannes Malan, Retha van Rensburg x Johan, Elna Vorster x Jan Coetzer, Retha Coetzee x Gustav Rhors. Angel Engelbrecht x Linda du Plessis, Jeff Ferreira x Hanlie Burger, Louwtjie Louw x Sannetjie Maree, Kruger van der Walt x Zelda Arnoldi, Patrys Partys Swarts x Lialet von Wieligh, Johan Wagner x Sy blommetjie van ver, Tini van der Walt x Annette Schutte, Hennie van Wyk x Elna Coetzee, Coennie de Jongh x Paulita Myburgh, Johan Swanepoel x Magda Brummer, Henry Rust x Julia van der Merwe, Rina Boshoff x Ockie Engelbrecht, Dina Jacobs, Judie Rossouw en Lettie de Beer aan hul ouens. Bernice Birch x H. B. Aucamp, Ryna Hough, Mollie Vosloo, Elna Viljoen, Hester Pieterse, Christine Calitz, Alet de Jager is ook almal verloof.

Tydens die vakansie lui die huweliksklokke vir:

Lourens du Plessis x Wina Steyn, Hennie Coetzee x Louise Adendorff, Jan van Zyl x Marinda Potgieter, Chris du Preez x Marie Smit, Sam Stanbury x Lynn Wainwright, Flip van der Walt x Sunet Von Solns, Lucas van der Walt x Annette Boonzaaier, Danie Roberts x Annette Gouws, Harry van Rooy x Jacoba van der Walt, Barry Bernado x Leonie Louwrens, Carel Dietzsch x Rene Klopper, Mossie Mostert x Monica Roets, August Weilbach x Hanlie Theron, Ben Maree x Elma Pretorius, Dawie Swanepoel x Jeanette Mengel, Hettie Steenkamp x Neels Smit, Mara Oosthuizen x Andre Lass, Gerda du Plessis x Anton Grove, Bets de Jager x Albert Froneman, Ina Eksteen x Schalk Meyer, Lynette Coetzee x Scharrett Buchner, Elaine van der Merwe x Giel —, Annetjie van der Merwe x Herman Schutte, Louisa Heyns x Paul Swanepoel, Louisa van der Vyver x Etienne Schalekamp, Alta Heystek x Johan Lighthelm, Rinie Kruger x Hein Viljoen, Elsa Myburgh x Johan Schutte, Maretha Duvenhage x Chris van der Walt, Riana Foueir x Phillip Otto, Martsophie Buyskes x Ferdie Postma, Riekie Erasmus x Andries Roos, Joey Roux x Archie van Zyl, Sanet Steenkamp x Jan van der Walt, Nina Venter x Johan Yssel, Ook vir Ellamarie Coetzee, Marieke Erasmus, Magaretha Retief, Max Schmidt, Corrie Kruger, Hettie Roodt en Jennifer Uys, Annette du Plessis x Daan du Preez, Elra Terblanche x Willie van der Westhuizen, Marycke van der Lecq x Nico Botha, Flippie Lombard x Piet Fourie, Marie van der Bank x Briand-Louw, Marietjie van Aswegen x Frikkie , Santie Kruger, x Jackie , Hettie Beukes x Nico van Loggenberg, Andri Theunissen x Ben —, Elmarie le Roux met Fanie Postma, Martie Kruger en haar verloofde, Mag jul Huweliksbootjie veilig vaar.

Deur: Agie.

# Koor sien reeds kans vir lang toer

**Op 2 Maart 1971 is die Potchefstroomse Universiteitskoor gestig. Met koorleiers soos professor P. de Villiers en mnr. G. W. Koornhof sien die koor kans vir 'n uitgebreide toer vanaf Suidwes-Afrika tot in Natal gedurende Junie 1972.**

Die koor se eerste optrede, met Karnaval vanjaar, is opgevolg deur 'n uitvoering te BVanderbijlpark op 13 Augustus. Op 21 September het die koor sy amptelike debuut gemaak in die Konservatoriumsaal. By die geleentheid was sowat 370 genooide gaste teenwoordig.

Gunstige kommentaar is ontlok en elke lid in die gehoor is getref deur die gebalanseerdheid van die program. Vertolkings vanaf ernstige liedere soos „Hodie Christus Natus Est", „Agnus Dei", ens. tot by ligte liedere soos verwerkings van Suid-Afrikaanse volksliedjies, is gelewer. Heelwat van die koorwerke is deur die koorleiers self geskryf. Die koorswerke is aangenaam afgewissel deur drie klaviersolo's. Verrassend was die Rektor se aankondiging die aand dat die Raad van die Universiteit die amptelike drag van die koor, naamlik togas, gaan skenk. Die debuut is opgevolg met 'n uitvoering wat op 28 September in die Konservatoriumsaal plaasgevind het. Ander optredes soos die by Klub 20, by die ouetehuis, Ons Hulde, en by die Abraham Krielkindertehuis, het die koor in gewildheid laat toeneem.

Daar is ook alreeds groot plänne gemaak vir 1972. Finale reëlings is reeds getref vir die koor se kort toer deur Suidwes-Afrika wat in medewerking met die Suid-Afrikaanse Weermag geskied. Die koor vertrek op 27 Junie en keer 3 Julie na Pretoria terug.

Nadat die koor in Pr toria gearriveer het, vertrek hy op 'n verdere toer na Natal waar hy op verskeie plekke gaan optree.

Professor en mevrou Ballot, wat verantwoordelik was vir die ontswerp van die nuwe togas van die P.U. vir C.H.O. se ampsdraers, het ook voorlopige ontwerpe gemaak van die koor se togas. Dit geskied in medewerking met Dalenes, die bekende modeontwerster van Pretoria. Die moontlikheid bestaan dat daar reeds gedurende die Desembervakansie met die maak van die togas begin sal word.

Aangesien daar nie koorlede is wat uittree nie, is daar nie veel vakatures tot dusver nie. Wanneer vakatures ontstaan, sal dit op die kennisgewingborde verskyn.

**Bewakers.**

Hierdie jolige, singende „huisgesin" van vyftig is trots op die sukses wat hulle reeds behaal het, maar hulle sê dat dit nie anders kan nie veral as hulle so 'n knap bestuur het soos: Ryno Louw as voorsitter, Jetty de Vries hulle sekretaresse en Johann van der Merwe as ondervoorsitter. Om te sorg dat hulle optredes winsgewend is, is die geldkas aan Ephraim Kruger toevertrou. Ilse Pellisieur moet as addisionele lid op die bestuur kyk dat almal hulle werk doen en nog hulle noot ook hou.

# SPRAAKLEER EN DRAMA IS BEDRYWIG

**Die Departement Spraakleer en Drama het 'n baie bedrywige tydjie die afgelope paar weke gehad, dog die harde werk agter die skerms was nie vrugteloos nie.**

Die stukke aangebied was hoofsaaklik vir eksamendoeleindes. "Bruid in die More" deur Hugo Claus, ook 'n eksamenstuk van die Toneelkunde-III-studente, sal volgende jaar weer as teaterstuk aangebied word. Dit is 'n aangrypende drama. 'n Tragiese uitbeelding van die soeke na geluk (so tipies van ons tyd) wat uitloop op 'n groter ongeluk — 'n groter tragiek. Die uitbuiting van Thomas se onskuld deur sy ouers wat "meer weet" is aangrypend en vlek die mens se allesoorheersende sug na iets beters as wat jy het ongenadiglik oop.

Die eenvoudige manier waarop die stuk uitgebeeld is, dwing die gehoor tot selfondersoek. 'n Mens moet besef dat jy in die soeke na die hoogste geluk, om jou eie ek te probeer bevredig, vir jouself groter probleme daar mag stel. Die bywoning van "Bruid in die More" is vir elke lid van die gehoor 'n proses van suiwering, omdat elkeen so persoonlik betrokke raak by die gebeure op die verhoog, dat dit 'n werklikheid word — 'n werklikheid waaraan elkeen 'n deel het.

# Boodskap van die Voorsitter van die Studenteraad

Die Studenteraad,
P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.
29 Oktober 1971.

Geagte Pukke,

Terwyl u midde in die eksamen staan en u heen en weer hardloop om agterstallige aantekeninge in te haal en poog om die inhoud van dik handboeke u eie te maak, rig ek graag hierdie brief namens die Studenteraad aan u.

Ons kan met dankbaarheid terugkyk op 'n suksesvolle jaar. Vir sommige van u was 1971 u eerste jaar in 'n studentelewe — vir ander weer u laaste jaar as student. Dit is egter ons wens dat 1971 vir u 'n jaar was vol ryke gebeure wat later as bron sal dien vir mooie herinneringe. Ontvang my dank, namens die huidige- en die vorige Studenteraad vir u geduld met swakke mensewerk, vir u positiewe kritiek en vir u samewerking.

Met die oriëntering op hande, wil ek graag net 'n paar punte noem. Sommige van u het seker al telke male gevra waarom ons nie kan terugkeer na die goeie ou dae van "ontgroening" nie. Ons moet aanvaar dat daar baie goeie redes was vir die afskaffing daarvan. As die Studenterade van die vroeë sestigerjare nie daarop besluit het nie, kan ons daarvan seker wees dat druk van buite sou toegeneem het en dit miskien geheel en al afgeskaf sou gewees het, soos dit by ander universiteite die geval is. Tye en omstandihede het verander. Eintlik moes ons nie sê dat "ontgroening" afgeskaf is nie, maar dat daar net 'n klemverskuiwing plaasgevind het. Ons het nou 'n stelsel van oriëntering wat die wense van albei pole, nl. senior en eerstejaar, met mekaar probeer versoen. U moet die eerstejaar beskou as 'n nuweling binne 'n nuwe situasie en dit is ons almal se plig om hom of haar verantwoordelik en positief t.o.v. die nuwe situasie te oriënteer. Hou die eerstejaar op sy plek, maar moet nie net afbreek nie, maar bou weer nadat u hom afgebreek het. Ook waar ons volgende jaar weer die belangrike taak het om die nuwelinge by ons in te skakel, by ons lewenspatroon en by ons manier van doen, maak die Studenteraad staat op verantwoordelike optrede, inisiatief en oorspronklikheid van u kant.

Sterkte met die eksamens. Dit is die Studenteraad se bede dat u werk met sukses bekroon sal word. 'n Aangename vakansie word u toegewens. Ten slotte, 'n geseënde Kersfees en 'n gelukkige Nuwejaar vir u almal.

Pukgroete,

KOBUS VAN DER WALT.

# Aptekers Kies

Op 'n algemene vergadering van die P.A.S.V. gehou op 11 Augustus in die Frans du Toit gebou, is 'n gewysigde grondwet aan die lede voorgelê en dit is so aangeneem. Ons dank aan die subkomitee vir die goeie werk.

'n Nuwe bestuur vir die volgende termyn is ook verkies, t.w.

Voorsitter: Tiekie Raubenheimer.

Ondervoorsitter: James du Plessis.

Tesourier: Marius Kruger.

Sekretaresse: Santjie Brand.

*Vysel Redakteur: Piet Senekal.

Sportverteenwoordiging: Francois du Toit en Veronica Croeser.

Sosiaalverteenwoordiging: Brian Deane en Helen van den Bergh.

Geluk ook aan Marius Kruger met sy verkiesing as S.R.-lid op die S.A.B. en ook as addisionele lid op die S.A.B.-bestuur. Hier is 'n apteker waarvan nog baie gehoor gaan word.

# DIE MENSE WILL JULLE BRAAI

**In 'n onlangse skrywe aan die Studenteraad meld die Stadsklerk dat hy verskeie klagtes van inwoners van die Bult ontvang het oor studente wat hulle tuine verniel, blomme, vaslê, vrugte steel ens.**

Hy versoek die studenteraad vriendelik om die erns van die hele aangeleentheid onder die Pukmassa se aandag te bring. Sommige van die onstoke inwoners dreig om die studente te laat vervolg.

Die Wapad wil langs hierdie weg sy studentelesers se aandag op die aangeleentheid vestig en terselftertyd die hoop uitspreek dat soortgelyke skrywes aan alle ander opvoedkundige instansies op die Bult gestuur is.

# BEPLANNERS HET GAAN TOER

**Donderdagmiddag (26-8-71) was al wat beplanner is in die bus, met alles wat nodig is agter in die sleepwa, op pad na die H. F. Verwoerd dam. Donderdagaand het almal om die vuur by Maselspoor gesit waar daar vir die nag uitgekamp is.**

Vrydagoggend om sesuur is al die manne in die bus op pad na die projek toe. By die dam aangekom is ons hartlik verwelkom deur die Departement van Water wese. Die hoofingenieur en skakelbeampte neem die manne deur die hele damwalterrein en Orsnjekrag. Met 'n lesing is die dag se verrigtinge afgesluit.

Omtrent ses myl van die wal af, op Donkerpoort, kamp die manne weer uit en is toe 'n groot fees om die vure gehou.

Saterdagoggend is almal na die Vistonnel van 51 myl lank waar die manne deur die skakelbeampte ontvang is. 'n Deeglike en interessante lesing is daar aan die manne voorgedra. Die manne het daarna die Tonnel besoek.

Saterdagmiddag is die terugreis vanaf Venterstad aangepak. Almal was moeg, maar baie tevrede. Mnr. L. van Heerden het opgetree as toerbestuurder na die Projek.

# ALABAMA HET NUWE PLANNE

Die musiekleier van Alabama, mnr. Johan van Rensburg, het op die Alabama-dinee aangekondig dat daar volgende jaar heelwat vernuwing in die aanbieding sal voorkom. Die revuestyl word behou, maar 'n sentrale tema sorg vir groter eenheid in aanbieding.

Belangrik ook juis die feit dat mnre. Van Rensburg en Abri le Roux, die twee breinkragte agter Alabama en Thslia, beoog om in die vervolg nouer saam te werk, sodat albei geselskappe daarby baat sal vind.

# Pukke is op-imis-ies vir Dalrymple

**Die nuwe atletiekseisoen het 'n paar weke gelede begin en die Puk se atlete neem reeds aktief deel ter voorbereiding vir die Dalrymple wat die eerste naweek van Desember in Durban sal plaasvind.**

Te oordeel aan die prestasies wat Pukke gelewer het op die afgelope drie byeenkomste, behoort ons vanjaar 'n bestendige span in die veld te stoot vir die Dalrymple.

Trouens, al die aktiewe atlete van die atletiekspan is ingesluit in die Wes-Transvaalse span vir die Interprovinsiale byeenkoms op Saterdag 23 Oktober. Fanie van Zijl is baie fiks en het die seisoen begin met sy beste tyd oor die 3,000 meter naamlik 9 min. 3,7 sekonde wat op 'n sekond na 'n Suid-Afrikaanse rekord is. Verder het hy 'n baie goeie tyd van 14 min. 26,7 in die 5,000 meter behaal.

Sy beste tyd oor die 800 en 1,500 meter hierdie seisoen is 1:51,6 en 3:50,7 onderskeidelik.

Johan Hunter sukkel nog om op dreef te kom in die driesprong, maar hy is vasberade en behaal op die oomblik baie goeie afstande in sy oefensessies. Sy beste afstand hirdie seisoen is 48:3.

Hansie Booysen is 'n verdere krag vir die Pukspan en het in die gewigstoot en werpskyf reeds afstande van 54:64 en 159:4 1/2 onderskeidelik behaal.

Uit die volgende atlete sal die Dalrymple span moontlik saamgestel word: Willie van der Westhuizen 100 en 200 meter; Konkie van der Walt 110 meter hekkies; Fanie van Zijl; Andries Krogmann, Danie Geldenhuys en Dirk Schoeman 800, 1500, 5000 meter. P. Vermeulen paalspring; H. Booysen werpskryf en gewigstoot; Tommie Ferreira 100, 200 en 400 meter; J. Hunter verspring en driesprong.

C. Naude Hoogspring en spiesgooi; Ria van der Berg 110 meter hekkies; J. Knoetze en H. Liebenberg 800, 1500 meter.



„Is dit nie slim nie, Pa? 'n Vrou sou nooit daaraan gedink het om dit so te doen nie."

## FRED EN SY BABER ...



Foto: *Fotokuns.*

# DIE PUKKE SE GROOT TROTS

**Die P.U.-Rugbyklub het vanjaar sy beste prestasie in die geskiedenis behaal deur al nege bekers waarom daar meegeding is in te palm.**

Dit is 'n ongeëwenaarde rekord in Wes-Transvaal en een van die beste prestasies deur enige klub in die land,

Dit is ook die eerste keer sedert 1955 dat die Pukke die Neser- en Blaine-bekers verower het.

**Bekers verower:**

Eerste span: Neserbeker (eerste liga), Blainebeker (uitklopliga) en Bosmanbeker (aantreklikstes spel deur senior spanne). Hierbenewens het die span ook die Pieter Malan-wisseltrofee ontvang.

Dit is 'n huishoudelike beker wat jaarliks toegeken word aan die Pukspan wat die beste spel lewer.

. Tweede span: Tod Suttiebeker (tweede liga), gesamentlik met Strathvaal.
O/20 A-span; Barnardbeker. (O/20-liga) en R.P.N. (O/20-uitklop). O/20 B-span en Koshuisspanne: Olën (derde liga) en Strathvaal (vierde liga).

Klub as geheel: Krekeins (beste algemene in Wes-Transvaal).

# SPAN UIT VOOR EKSAMEN

Florna-ouens het Vrydagaand op Elandskraal aangekom. Ons tradisionele kampplek was deur vreemdes ingeneem maar gou maak mens 'n ander plan en word 'n nuwe kampplek ingerig.

Saterdag was 'n dag van rondloop, swem en verbrand. Die aand was daar 'n heerlike kampvuur vol grappe en verskeie staaltjies is deur Gerrit vertel.

Sondag het ons rustig deurgebring en Sondagaand kerk geluister.

Maandag is die terugtog aanvaar met 'n groot gees tussen die klomp: almal ken mekaar met hulle kwale, klagtes en al. Die toer is afgesluit deur saam koffie by die padkafee te drink.

# Dorpstudente se Bestuur

**Op 'n onlangse vergadering van dorpstudente is 'n nuwe bestuur verkies bestaande uit die volgende lede: Kobus v.d. Colff (Voorsitter), Jan Nagtegaal (Ondervoorsitter), Jan Schutte (Sekretaris), Linda Lindeque (Damesverteenwoordigster), Willem Pretorius (Minister van Sport) en Dawid Weyers (Minister van Sosiale Sake.)**

### STERKER STRUKTUUR

Woordvoerders van die bestuur het veral hulle besorgdheid uitgespreek oor die feit dat daar diegene onder die dorpstudente is wat nie hulle volle gewig by dorpsaksies ingooi nie. Enige dorpstudentebestuur het met die probleem te kampe dat terwyl daar in die koshuise 'n sterk gesagstruktuur bestaan, daar onder dorpstudente 'n baie losse struktuur bestaan. Daarom gaan die nuwe bestuur uit van die standpunt dat hulle die behoefte aan dinamiese leierskap en optrede wat tot nogtoe bestaan het wil vul deu r di daarstelling van 'n sterke r ge sagstruktuur.

### KASGELD.

Daarom word daar nou oorweging geskenk aan die moontlikheid om kasgeld van een rand (wat aansienlik minder is as die kasgeld van die meeste koshuise) van aanstaande jaar af verpligtend te maak vir almal wat wil deel hê aan die sport en sosiale aktiwiteite van dorp.

Verder word oorweging daaraan geskenk om die voorreg van seniors in die toekoms om te ontgroen ook te koppel aan hierdie kasgeld.

Dit is dus duidelik dat die bestuur van die nuwe termyn beoog om 'n omvangryker gesagstruktuur te skep. Dit word duidelik gedoen in belang van die dorpstudent self. Dagstudente kan so 'n groter deel kry aan die sport en sosiale aktiwiteite van die Puk as geheel.

Hier sal duidelik gekonsentreer moet word op verhoogde deelname aan dinge soos rugby, swem, krieket, intertees en sêrkompetisies. Ook gedurende karnavaltyd sal vlotbou op 'n meer gekonsentreerde basis deurgevoer word.

Verder sal gepoog word om nouer skakeling tussen dorpstudente en koshuis-studente as in die verlede te bewerkstellig. So 'n nouer skakeling sal noodwendig moet volg op groter deelname aan sport en sosiale aktiwiteite. Dit sal ook 'n groot leemte vul wat oor jare ontstaan het.

# Koshuisliga-stand

| Koshuis | S | W | V | G | Pt. |
|---|---|---|---|---|---|
| Kompleks Piet | 3 | 3 | | | 6 |
| Grobler | 4 | 3 | 1 | | 6 |
| Dawie Dup | 5 | 2 | 2 | 1 | 5 |
| Kasteel | 4 | 2 | 2 | | 4 |
| Over de Voor | 3 | | 2 | 1 | 1 |
| Dorp | 3 | | 3 | | 0 |




# Stywe lyne!

**Die P.U. hengelklub het 'n baie suksesvolle jaar agter die rug. Van die klubrekords sien soos volg daar uit:**

Baber — 26 lb. (N. Fourie), 24,21 lb. (F. Baird).

Geelvis — 4 lb., 3 lb. (C. Fick).

Karp — 16 lb., 8 lb. (F. Baird).

Moddervis 2 lb., 4 lb. (C. Fick).

Die klub beoog 'n toer na die Laeveld in April 1972. Die bestuur vir 1972 is: Bom Wentler (voorsitter), Fred Baird (sekretaris), Johan van der Schyff (penningmeester), Goofy Fourie (addisionele lid).


**A. VORSTER APTEEK**
(Frans Nel, B.Sc.Farm.)
★
Octron-gebou
Lombardstraat
★
VIR VINNIGE AFLEWERING
SKAKEL 7074

**Is u 'n Karnaval Debutant ?**

VERDIEN
enigiets vanaf
R300 TOT R1000
gedurende die komende
DESEMBER VAKANSIE
deur bestellings van huis tot huis te neem.
Vir 'n persoonlike onderhoud skakel 51-7933/4 of skryf aan:
Die Besturende Direkteur,
Pretor Dist.,
Posbus 2015, Primrose, Germiston.
of doen navraag by
Lieb van der Walt, Ons Huis, Tel. 2068 of
Willie Crause, Over de Voor, Kamer 64, Tel. 2172 of 2171



**HUIS en TUIN**
TEL. 4641
★
U NAASTE WINKEL AAN DIE UNIVERSITEIT
ONS SPESIALISEER IN STUDENTEBEHOEFTES

DIE
**INSLEEP RESTAURANT**
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

## SPORTHELDE VEREER

# PUKSPORT BARS DEUR DIE KLANKGRENS — REKTOR

(Deur Gert van Jaarsveld)

**Die Potchefstroomse Universiteit het vanjaar wat sport betref, deur die klankgrens gebreek, het die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, op 24 September gesê toe hy die Universiteit se „Sportman van die Jaar'' aangekondig het.**

### ANDER TOEKENNINGS

Die man wat die besondere eer te beurt geval het, is Andries Krogmann. Hy is een van Suid-Afrika se voorste langafstand-atlete en het vroeër die maand dubbele Springbok geword.

Krogman het ook 'n erepenning ontvang. Ander Puk-Springbokke het ook erepennings ontvang.

Hulle is: Johan Hunter (driesprong) en mev. Elza de Wet (korfbal). Jim van Rensburg kaptein van die Pukke se eerste voetbalspan, wat vanjaar in hulle liga van alles skoonskip gemaak het, het ook 'n erepenning ontvang vir sy besondere bydrae tot die Universiteit se sport.

### WISSELTROFEE

Nie minder nie as sestien ander toekennings is aan Puk-sportlui gemaak. Hulle is: De Klerk-wisselbeker vir die sportman wat die meeste sport gedoen het in die jaar — G. van Eck.

C. de Jager-wisselbeker vir die beste manstennisspeler van die jaar — J. Malan. Corrie van Rooy wisselbeker vir die dame wat die meeste gedoen het vir sport vanjaar — T. Roestorf.

Pepsi-Cola-wisselbeker vir die beste damestennisspeelster van die jaar — Heloise Burger; Davy Robertson-wisselbeker vir die atleet wat die meeste punte in die liga ingesamel het — Hansie Booysen.

Landloopwisselbeker vir die student wat die beste gevaar het die seisoen — A. Krogmann; Wapenmeesterskild vir skerm — P. Kramer; Damesfloret vir skerm — H. Combrinck; Presidentmedalje vir die beste vordering in voetbal in die jaar — E. van Wyk.

Spanwisselbekers wat verower is, is dameshokkie deur Klawerhof; krieket deur Dorp; netbal deur Karlien; rugby deur Johannes van Rooy-huis (A-liga) en Kasteel (B- en C- ligas); swem — mans deur Piet Grobler-huis en Dorp en dames — Klawerhof.

Die George Booyens-wisseltrofee vir die beste prestasies in koshuisligas is verower deur Kasteel-manshoskuis en Klawerhof-dameskoshuis.





**Die Puk se sport het vanjaar weliswaar deur die klankgrens gebars. Die foto bo toon die sportman van die jaar, Andries Krogmann, waar hy die gesogte toekenning van die eggenote van die rektor, mev. Bingle, in ontvangs neem. Die foto bo spreek van die Puk se sukses op rugbygebied. Jim van Rensburg, kaptein van die eerste rugbyspan, neem die Blainebeker in ontvangs.**

*Foto's: Fotokuns.*

## KORFBALSEISOEN GESLAAGD

Die P.U. korfbalklub het 'n geslaagde seisoen beleef. Hulle het tweede in die liga geeindig. Hulle beplan 'n toer na Oos-Transvaal vir eerste kwartaal in 1972. Die nuwe bestuur is Magriet Coetzee (kapteine), Mona Liebenberg (onder-kapteine), Cecile de Bruyn (sekretaresse), Rina Diedericks (penningmeesteres) en Ruth van der Walt (addisionele lid.).

## L.O.-Studente lewer vertoning

Dinsdagaand 12 Oktober, het die eerste-, tweede- en derdejaar L.O.-studente groepsvertonings gelewer in ritmiese danse. Die eerstejaars is afgerig deur mej. Louw en die tweedejaars deur mej. Malan. Individuele danse is gelewer deur Ilse Papendorf, Analise Malan, Rina van Zyl, Melita Nieuwoudt, Elize Nel, Hermien Vermeulen, Petro van der Merwe en Hettie Swart, wat 'n besondere indruk gemaak het. Die S.W.A.-toergroep, het ook 'n puik vertoning gelewer.

Die doel van die vertoning was, om die verskil tussen die afsonderlike jaargroepe aan te toon. Die vertonings was puik en die vordering wat gemaak is vanaf die eerste tot die derde jaar, het duidelik na vore gekom by elke groeps- en individuele vertoning.

## Krieketseisoen begin voorspoedig

(Deur Piet Kilian)

**Met die krieketseisoen maar nog in sy kinderskoene het die Pukke reeds gewys waartoe hulle in staat is. 'n Goeie vertoning reen Wits en 'n oorwinning teen Tukkies is genoegsame bewys dat die Pukke reeds vroeg op dreef is.**

### WITS

In die eerste wedstryd van die seisoen meet die Puk kragte teen Wits op Witrand se veld. Danksy 'n beurt van 43 lopies deur Weinburg behaal die sterk span van Wits 107 lopies in sy eerste beurt. Die Puk se beste boulers was Andre Laas met 3/14 en Sias Willemse met 3/38.

Die Pukke teken 96 lopies aan en verloor dus naelskraap met elf lopies. Kadot van Heerden (15), Olivier Chrisholm (18), Adre Laas (18) en Sias Willemse met 19 n.u.n. was die beste kolwers.

### TUKKIES

Teen die Tukkies vaar die Puk stukke beter en teken 149 lopies aan. Chrisholm (31), Phillip Schlebusch (32), Van Heerden (21), P. Welman (15) en Div du Toit (21 n.u.n.) blink uit as kolwers.

Nico Breedt (3/12) en Sias Willemse (4/28) het die deurslag gegee en Tukkies kon slegs 121 lopies behaal. Die Puk se boulers is goed ondersteun deur puik veldwerk en veral goeie vangkanse is benut.

### STILFONTEIN

In die eerste ligawedstryd van die seisoen klop die Puk vir Stilfontein met sewe paaltjies. Nico Breedt, wat in die eerste beurt venynig geboul het, het die eerste vier belangrikste paaltjies laat kantel.

In die Puk se tweede beurt kolf Phillip Schlebusch puik en teken 56 lopies aan. Hy sal net nog moet leer om balle buite die wegpen met rus te laat.

Sias Willemse, wat heelwat swaai uit die blad kon kry, was die beste bouler met 'n wedstrydontleding van 9/28.

### JLEKKSDORP

Teen Klerksdorp was die blad besonder lewendig en dit verklaar die lae tellings wat dusver behaal is. Nico Breedt met 'n skitterende 8/22 het gesorg dat Klerksdorp in sy eerste beurt slegs 47 lopies kon aanteken. Die Puk antwoord met 74 lopies met Andre Laas (27) en P. Welman (16) die beste kolwers. Die wedstryd sal voortgesit word met Klerksdorp in sy tweede beurt op 56/3. 'n Oorwinning vir die Puk is dus nie uitgesluit nie.

Nico Breedt speel op die oomblik van die beste krieket en daar word baie van hom verwag. Volgehoue goeie vertonings kan hom dalk 'n plek in die S.A.U.-span besorg.

## GALA 'N SUKSES

**Op 'n interkoshuis swemgala wat op Woensdagaand, 6 Oktober gehou is, het Dorp en Heide koning gekraai. Ten spyte van baie swak weersomstandighede en 'n reeks ander aktiwiteite wat dieselfde aand plaasgevind het, was die byeenkoms 'n redelike sukses.**

'n Paar goeie vertonings asook verskeie nie-amptelike rekords is daargestel. Na afloop van die gala is 'n voorlopige P.U.-span gekies wat P.U. sal verteenwoordig op 'n Suid-Afrikaanse Universitêre toernooi wat in Durban gehou sal word op 1-3 Desember 1971.

Daar is baie potensiaal en die Pukke behoort goed te vaar. Die span is:

**Mans:**

P. Preller, J. Lategan, F. du Toit, J. Prinsloo, H. Nel, R. Jarvis, N. Louw.

**Dames:**


I. Koen, M. van der Walt, J. de Vos, R. Liebenberg, M. Stock.

## *Grootkoppe herkies*

Die Universiteitsraad het in 'n onlangse bulletin bekend gemaak dat Sy Edele Senator J. de Klerk vir 'n verdere termyn van tien jaar as Kanselier en prof. H. J. J. Bingle vir 'n verdere termyn van drie jaar as Vise-kanselier deur die Raad verkies is.

Verskeie bevorderings en nuwe aanstellings is ook bekendgemaak.

na aksie-
satisfaksie




vol-ja smaakvol

LEX 205A